Johan Steenkamp

17 Augustus 1982 – 20 Februarie 2009
Deur sy ma, Elmie

Vir Johan

Ek pak vir jou
'n hopie klippe onder 'n pomeloboom
Ek krap jou naam op 'n klip
met 'n klein klippie
Ek stap soos 'n malle
en skreeu tjoepstil die berge in
Waar was God?
Geen krans eggo nie
Al wat ek hoor
is die geraas
in my kop



Immergroen
Op 'n helder sonskyn dag
Blou lug, groen gras
Het jy my lewe die eerste maal getas.

Onbeskryflike blydskap
'n Lag van vuur
'n Hart van goud
'n Vriend van lange duur.

Jy het stadig maar seker
In ons lewens, in ons harte
Jou glimlag geplant
Jou liefde gesaai.

Vir my het jy gegroei tot 'n boom
Van **blydskap, standvastigheid, vriendskap.**

Jou immergroen **blydskap** het
'n Skadu gegooi oor ons lewens
Waar benewens ons so lekker
Gelag en gespeel het
Waar ons alles kon gedeel het
Waar ons vriendskap gegroei het
Waar ons gerol en gestoei het
Met dinge wat ons op die grond
Wou rondrol en verniel het
Ons siele wou skend
Ons koppe in die stof druk –
Was jy die een wat opgeruk het
Opgestaan het
Verstaan het en
Dit verslaan het

Jou **standvastige** wortels was diep geanker
In die grond
Baie wonde moes jy op jou takke dra
Maar sterk het jy gestaan
Nooit skaam
Altyd daar
Deur storms en deur reën
Was ons geseën
Met hierdie pilaar.

Jou takke van **vriendskap**
Het ons almal omvou
As ons gerou het,
Was jy daar
As ons antwoorde gesoek het
Was jy waar
'n Waarheid wat so baie genesing gebring het
Tot ons weer kon gelag en gesing het.

Johan!
My ou goeie vriend!
Jy bly in my hart
Jy bly in my kop
Jy bly in ons smart

'n Smart wat sal heel
Met die verloop van tyd
Verwyt wat sal verdamp
As die son weer skyn

Ek sien dan nou
My ou goeie maat
Dat die storms in jou lewe
Was net te kwaad
Die wind en die weer
Het jou ontwortel

Maar daar waar jy gelê het
In 'n diep donker dal
Het God gekom
En jou kom haal

Die pyn is verby
Jy't klaar gely
Wat nou vir jou lê voor:
Is 'n groen grasperk
En God se koor!

Op 'n helder sonskyn dag
Blou lug, groen gras
Is jy uit ons lewens uit veras.

Conrad Louw
2009-02-22

Psalm 43 : 2 en 3

Teks: Lina Spies 2001

(Gesing op die wysie van Psalm 42)

2. Maak my weer tot 'n bevryde
wat na Sion op kan gaan.
Stuur u lig en waarheid beide
om vir my die weg te baan.
T'rug in u teenwoordigheid
raak ek angs en wanhoop kwyt,
jubel weer my lier se snare,
sing ek bly by u altare.

3. Maar ek leef in donker tye
en moet in die duister tas:
Hoe verbreek ek weer my swye?
God, my God, ek gryp U vas!
En ek laat my lied weer klink
as ek aan u goedheid dink.
U is nog my helper, Vader,
en ek weet U trek my nader.

Hy was my kind met 'n vrye gemoed – 'n "Free Child".
As ek aan Johan dink, onthou ek 'n ouderwetse seuntjie wat baie ernstig oor die Here en God kon praat.
Sy Ouma Mattie het eendag vir hom gesê hoe wonderlik dit is hoe God die wêreld gemaak het,
waarop hy toe antwoord: "Ouma, maar die wonderlikste is die Heilige Gees". Hy was toe so 4.
Ek glo hy is nou by die Here in die Hemel.
As ek nou aan hom dink, dink ek ook aan Sascha.
Hy was baie lief vir haar, hy het dit baie vir my gesê.
Sy was die beste ding wat met hom gebeur het.
Ek sal hom onthou as iemand wat voluit geleef het
ten spyte van baie teleurstellings en ontnugterings.
Al ons gesprekke op die foon het hy afgesluit met:
"Lief vir Ma".
Sy gunsteling kos was "Toasted Cheese".
Ek was vir hom lief net soos wat hy was!
Sy Ma



Bedankings
Callie Steenkamp

Draers

Elmie Steenkamp	Ma
Sascha Reinhardt	Lewensmaat
Callie Steenkamp	Broer
Jaco Steenkamp	Broer
Reinhardt Pretorius	Neef
Ruan Pretorius	Neef

Verassing sal privaat geskied.

Sonja Smith
BEGRAFNISGROEP (EDMS) BPK
TEL: (012) 654 9902



Dankdiens vir die lewe van

Pieter Johannes Steenkamp

Gebore: 17 Augustus 1982 **Oorlede:** 20 Februarie 2009

Die diens word waargeneem deur Ds. Gerrit Kruger
vanuit die Gereformeerde Kerk, Centurion op Woensdag, 25 Februarie 2009 om 11:00.

Skriflesing
Efesiërs 2 : 1 - 10

Teksvers
"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.
Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."
Efesiërs 2 : 8

Skrifberyming 18-7 : 1 en 11
Die nuwe Jerusalem

1. Hy het my die stad getoon,
groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon,
'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n kristallyn
wat in al sy klaarheid skyn.

11. Vir 'n nag van skrik en vrees
word die poorte nie gesluit nie,
want daar sal geen nag meer wees
en geen klaag- of skrikgeluid nie.
Heerlikheid en eer alleen
trek dan deur die poorte heen.